:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Jaargang XXV FEBRUARIE & APRIL 1958 Nos. 4 & 5

# DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT EN CHRISTELIKE KARAKTERVORMING IN ONDERWYSERSOPLEIDING

**TOESPRAAK DEUR MNR. W. J. SNYMAN**

**Adjunk-Direkteur van Onderwys, by geleentheid van die uitreiking van Sertifikate en Diplomas deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Meneer die Vise-Kanselier,

Ek wil u bedank vir die vriendelike uitnodiging om hierdie plegtigheid by te woon.

Dit is vir my as oud-student, nog uit die vroeë twintigerjare, 'n besondere voorreg en 'n eer wat ek hoog op prys stel, om by 'n geleentheid soos hierdie teenwoordig te mag wees en as spreker op te tree.

Ek verneem dat daar aan agt afsonderlike groepe diplomas en sertifikate uitgereik word asook Raadsmedaljes aan studente vir voortreflike optrede in die studentelewe.

1. Dit is my eerste aangename plig om almal wat hulle kursusse met welslae voltooi het, of wat hulle op ander maniere in die studentelewe onderskei het, van harte geluk te wens met die sukses wat hulle behaal het.

Veral wil ek diegene wat hulle vir die onderwysprofessie bekwaam het, hartlik geluk wens en verwelkom, waar hulle ook al sou besluit om hulle dienste te gaan aanbied. In stilte word natuurlik gehoop dat die

meeste van u, indien nie almal nie, in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement gaan tree. Ons vertrou dat u in die onderwys steeds 'n interessante en prikkelende loopbaan sal vind en dat u u ten volle daarin sal uitleef. Die geleenthede is daar en dit sal van elkeen van u self afhang, in watter mate u die bestaande geleenthede sal benut.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is bekend vir sy bydrae tot die onderwys in Transvaal. Hierdie bydrae het nie slegs betrekking op die getal studente, in voor- en nagraadse studies in die Opvoedkunde nie, maar het veral ook betrekking op die opvoedkundige filosofie wat hier gedoseer word. Die omvang van die getalle studente kan in syfers uitgedruk word, maar die invloed en waarde van die Christelike Opvoedkunde wat hier geleer word, is nie met syfers te bepaal nie.

Dit sal interessant wees om net 'n paar statistiese gegewens aan te haal:

In die jaar 1954 is daar 9 D.Ed.-grade in die Unie toegeken waarvan 4 aan hierdie inrigting uitgereik is, dit wil sê byna die helfte. In dieselfde jaar is daar 23 M.Ed.-grade toegeken en die aandeel van Potchefstroom was 11, terwyl daar van die 75 B.Ed.-grade nie minder nie as 21, dit wil sê meer as 'n kwart, deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys uitgereik is. Ook wat betref die toekenning van die gewone onderwysdiplomas en -sertifikate het hierdie Universiteit nog gereeld 'n aansienlike kwota gelewer.

Die snelle toename in die blanke skoolbevolking van Transvaal het 'n groot behoefte aan onderwysers geskep. Dit mag u interesseer dat die Afrikaanse Universiteite in Transvaal omtrent 80 van die plus minus 1130 nuwe onderwysers wat in die provinsie kwalifiseer, sal lewer. Die Kolleges lewer vanwaar plus minus 1050.

Ons is deeglik bewus van die verskil in mening tussen die Universiteite en die Provinsie ten opsigte van die opleiding van onderwysers, meer bepaald oor die vraag wie se verantwoordelikheid dit nou eintlik moet wees, 'n saak wat verder vertroebel word as gevolg van die ongesonde tweeledige beheer van middelbare onderwys in ons land. Ek wens egter nie hierdie belangrike saak nou te behandel nie. Wat wel van groot belang is, is die feit dat daar 'n bevredigende reëling getref is en 'n gesonde gees van samewerking bestaan tussen die provinsiale onderwyskolleges aan die een kant en die Universiteite aan die ander kant en meer in die besonder hier op Potchefstroom. Mag die goeie samewerking daartoe bydra dat die stroom van deeglik opgeleide onderwysers ook in

die toekoms nog bestendig sal aangroei om in die steeds toenemende behoefte aan leerkragte te voorsien.

Ek wens net 'n paar gedagtes in u midde te lê met betrekking tot die waarde van 'n Christelike lewensfilosofie in 'n onsekere wêreld, en die rol wat die onderwys kan speel in die vorming van so 'n lewensbeskouing.

2. Dit sou miskien nie veel waarde hê om hier 'n geleerde rede, vol akademiese kennis, te probeer lewer nie. Aan kennis ontbreek dit die wêreld immers nie — trouens daar flits reeds gevaartekens dat te **veel** en te **gevaarlike** kennis deur die mens gehanteer word, sodat die spreekwoordelike skeermes in die hand van die aap dreig om ook in hierdie opsig van toepassing te word.

Die tydperk 1939-'57 was een waarin die **hoop, geloof** en **optimisme** van elke ingeligte en intelligente mens tot die uiterste beproef is. Ook in die afgelope jaar was daar tye dat die wêreld gedreig het om in oorlogsvlamme op te gaan. As ons die wêreld as geheel beskou, is hy soos 'n siek en afgeleefde ou man wie se menigvuldige kwale te veel geword het vir sy kragte. Hy het nie meer die energie om weerstand te bied nie.

Maar dit help nie om net te sê dat die wêreld siek is nie — sy siekte moet gediagnoseer word, sodat daar met heelkundige werk vir sy genesing begin kan word.

As die wêreld siek is, beteken dit dat die indiwiduele mens siek is en dat as daar genesing moet kom, die indiwidu genees moet word. En dit moet geskied deur die opvoedingsproses in ons huise, kerke en ons skole. Daarom moet die onderwyser probeer om die wêreldsiekte van ons tyd te diagnoseer en dan die regte middele aanwend vir die genesing daarvan.

Van al die diagnoses van die siekte van ons beskawing wat die gemoedere van baie van ons denkers met kommer vul, is daar een wat herhaaldelik beklemtoon word, naamlik dat die **kennis, vaardighede** en **tegnieke** van ons moderne beskawing die morele en geestelike ontwikkeling van die mense wat die kennis en tegnieke moet rig en beheer, te ver vooruit is.

In 'n boekie „God in Education" kies die skrywer (Van Dusen) 'n paar welbekende leiers en laat hulle hulle menings oor wêreldtoestande gee.

(a) By die inwyding van die groot Palomar-Sterrewag het dr. Raymond Fosdich opgemerk: „Kennis is nie genoeg nie ... en tensy

ons ons kennis bou op morele fondamente, sal die uiteindelike resultaat stof en as wees . . . Die steeds oplaaiende vyandigheid van die mens is nie die gevolg van sy wetenskap nie, maar van sy morele onbevoegdheid".

(b) Met sy aanvaarding van die nominasie vir die Presidentskap van die Verenigde State het goewerneur Dewey gesê: „Ons probleme is in onsself geleë. Ons het die middele gevind om die wêreld fisies uitmekaar te blaas. Geestelik het ons nie die middele gevind om die wêreld se gebroke dele weer saam te voeg nie".

(c) Mnr. John Foster Dulles beklemtoon dat die mens se vermoë om die fisiese te beheer afhanklik is van die morele . . . „Daar is geen kort pad nie en dit is nie moontlik om met een pennestreep goed te maak vir al ons opgehoopte morele gebreke nie".

(d) Generaal Omar Bradley het weer verklaar: „Die mensheid verkeer in 'n groot gevaar om in die lokval van sy eie morele adolessensie vasgevang te word. Ons kennis van die wetenskap het ons vermoë om dit te beheer ver vooruit geloop. Ons gryp na die misterie van die atoom, maar ons verwerp die Bergrede. Die mens is besig om blindelings deur 'n geestelike skemering voort te strompel, terwyl hy onseker van homself, speel met die geheime van lewe en dood. Die wêreld het 'n glans sonder wysheid verkry, en mag sonder 'n gewete. Ons wêreld is een van kernkrag-reuse maar van etiese babas".

Daar is dus groot eenstemmigheid in wye kring oor die werklike siekte van ons beskawing, nl. **die morele ontwikkeling van die mensheid het nie tred gehou met ontwikkeling op die gebied van die wetenskap nie.**

3. Daar is net een genesing vir hierdie siekte. Dit is sterker en standvastiger karakters, hoër integriteit, breër en dieper geestelike visie, onkreukbare trou en regskapenheid. Basies is ons probleem dus **'n moreel-godsdienstige.** En sodra ons van die **godsdiens** praat, dink ons dadelik aan die drie instellings — die **huis**, die **kerk** en die **skool.** Hierdie drie instellings, as hulle in harmonie kan saamwerk en elk sy funksie behoorlik vervul, sou die magtigste wapen vir die behoud en veiligheid van 'n volk wees — magtiger as enige atoombom. Waar die wêreldgebeure klaarblyklik op 'n katestrofe afstuur, is dit miskien nog nie te laat vir hierdie drie instellings om 'n verandering van hart by die mens van môre teweeg te bring nie. Hierdie verandering moet vandag in die gemoed van die jeug aangebring word.

Ons wil ons in breë sin slegs bepaal by die geleentheid wat die onderwys bied vir godsdienstige vorming, en aangesien die kerk meer

met die leerstellige gemoeid is, en van die skool verwag word om Godsdiensonderrig te gee wat bo gesindteverdeeldheid staan, sal ons meer die algemene morele waarde van die Godsdiens aksentueer.

Dit is vir die opvoeder nodig om die geesteswêreld van die opvoedeling te ken, sodat hy kan weet hoe om sy program vir morele opvoeding te beplan, want die opvoeder staan nie meer slegs voor die **tradisionele** vraagstuk waarvoor alle opvoeders deur die eeue te staan gekom het nie, maar nuwe probleme is besig om uit ons komplekse samelewing te ontwikkel.

Ons wil begin deur te sê dat niemand 'n gemeenskap kan bou met mense wat geen begrip het **van wat reg en verkeerd is nie,** en dat dit een van die vernaamste take van die skool is om die **vereiste morele standaarde** daar te stel. Maar die skool kan op hierdie gebied slegs sukses behaal as hy ook die samewerking van die huis, kerk en staat het.

Sedert die daglumier van die menslike geskiedenis het diegene wat in bevel van hulle stamme gestaan het, hulle al besig gehou met die onderrig van die nuwe geslagte, veral met die oog daarop om morele onderrig te gee in die sedes en gewoontes van die stam. Hierdie taak het deur die jare voortgegaan en het min moeilikhede opgelewer in die eenvoudige gemeenskappe van die verlede. Maar na die Industriële Rewolusie het faktore ingetree wat morele onderrig baie moeiliker gemaak het.

In 'n poging om die probleem duidelik te stel, sal dit verskoon word as ek 'n bietjie oordryf om 'n paar aspekte wat betrekking het op morele vorming in 'n moderne samelewing te probeer toelig. Nog nooit tevore moes die mens 'n **geordende samelewing** uit soveel teenstrydige elemente opbou as vandag nie.

Laat ons dink aan die gewoontes en omgewings waarin kinders tot onlangs toe, ook in ons land, opgegroei het. Hulle het in groot gesinne saam met broers en susters wie se ouderdomme nie veel van hulle eie verskil het nie, opgegroei. Familiegroepe wat deur bande van bloed of die huwelik verwant was, het min of meer in dieselfde omgewings gewoon en elke persoon het elke ander persoon geken. Die kinders het dus voortdurend volwassenes ontmoet wie se lojaliteit en liefde teenoor hulle nie in twyfel getrek kon word nie, en wat nooit geaarsel het om hulle reg te help en te onderrig nie. Die grootste getal kinders is op plase gebore waar hulle in noue aanraking was met die grond, groeiende plante en diere en met die hele proses van voedselproduksie. Elkeen met wie hulle in aanraking gekom het, het 'n definitiewe funksie

in hulle ekonomiese en sosiale wêreld gehad. Die ouers het die grootste deel van hulle voedsel en dikwels ook van hulle klere geproduseer en die kinders het meegehelp in die hele proses.

Die huisgesin saam met die ander familie in die omgewing het 'n hoogs geïntegreerde en homogene produserende en verbruikende eenheid gevorm.

Selfs op die klein dorpies het elke volwassene wat die kinders ontmoet het, 'n definitiewe plek in die gemeenskap gehad soos die smid, die messelaar, die meulenaar, ens. Dit was maklik waarneembaar, selfs vir die eenvoudiges in die gemeenskap, **dat die welsyn van die indiwidu die welsyn van almal was.**

Almal het dieselfde dinge gesê, uit een mond gepraat en dieselfde dinge geprys en afgekeur. Daar was min of geen verskille oor die fundamentele dinge in die lewe nie — almal het dieselfde verduidelikings ten opsigte van die funksionering van die kosmos en die wese van die mens aanvaar. Daar was min of geen oortredings teen konvensies en die morele opvattings van die groep nie.

Hoe kan 'n mens in so 'n groep steel waar elkeen weet wat die eiendom van die ander was? Hoe kan jy reëls oortree as almal rondom jou belang in jou stel? Dit was 'n klein wêreldjie en dit het geringe geleentheid gelaat om van die normale en regte af te dwaal; maar almal kon die funksionering daarvan verstaan — kortom, dit was 'n funksionele eenheid wat 'n gesonde agtergrond gevorm het vir die ontwikkeling van hoogs sedelike karakters. **Die tradisie van die groep het die indiwidu op die vaste pad gehou en onderskraag.** Hierdie beskrywing geld omtrent vir alle lande voordat die trek na die stede begin het. Maar dit is nie meer dié soort kinders wat vandag in ons skole is nie, en veral nie in ons groot dorpe en stede nie, waar die oorgrote meerderheid van ons bevolking nou gekonsentreer is.

Die aanwending van die wetenskap vir produksiedoeleindes in die ontwikkeling van prosesse vir massaproduksie, met die gepaardgaande verdeling van arbeid, het die toneel soos beskrywe grootliks verander. In industriële gemeenskappe het die vader nou 'n rat in 'n masjien geword en sy funksie as broodwinner is afhanklik van die wyse waarop die masjien werk. Die moeder moet die geld bestee waarmee alles gekoop kan word — voedsel, klere, geriewe, ja selfs vermaak.

**Die eenheid van die familie is verbreek** — hulle werk nie meer saam nie, hulle geniet nie meer hulle vermaak saam nie — hulle eet nie eens altyd meer saam nie. In die middae versprei die paar kinders

van die moderne gesin oor die dorp of stad elk op sy eie koers. Die een gaan neem les in ballet, die ander gaan speel korfbal en 'n derde gaan na die bioskoop, terwyl die moeder miskien een of ander vergadering of funksie bywoon.

Tussen al hierdie dinge deur ontwikkel daar 'n gevoel van onveiligheid wat soms sterk deurskemer by kinders.

Ou gewoontes en gebruike word nie langer aanvaar en geëerbiedig omdat hulle oud is en tradisies geword het nie. Die familie is nie langer die veilige, eenvoudige klein toevlugsoord wat dit was nie. Die opvoedingsfunksie van baie huise is reeds byna verlore. Dit is jammer want die belangrikheid van die onbeplande, ongeformuleerde opvoeding in die boesem van die huisgesin kan nooit oorskat word nie.

Die sterk persoonlike element bestaan nie meer nie. Vandag werk die vader by die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, een broer by die Spoorweë en 'n ander by die Vleisraad — almal onpersoonlike instellings waarvan die funksionering slegs deur die mees ingeligtes begryp word.

In hierdie ingewikkelde wêreld, wat al moeiliker word om te begryp, is alles boonop nog besig om vinnig te verander, en vir die kinders lyk dit of hier geen stabiliteit meer is nie. Hulle voel onveilig en soek raad en leiding. En wat vind hulle? Baie volwassenes voel net so onveilig en onseker as die kinders.

Is dit nog waar dat private besit gerespekteer moet word? Is buite-egtelike verhoudings werklik verkeerd? Is die winsmotief in finansiële transaksies on-Christelik? So ver het baie mense al van die erkende morele paaie afgewyk dat hierdie vrae vir hulle werklikhede word. En dit is in so 'n wêreld dat die kind en adolessent sy morele standaarde moet vorm.

Hierdie toedrag van sake word in 'n amusante verslag van Margaret Mead in die „Yearbook of Education" van 1951 aangehaal. 'n Afrikaanse weergawe daarvan sal min of meer soos volg wees:

„Susan se vader is 'n Sabbatariër, 'n koue imperialis en 'n afskaffer — hy glo dat die vrou se plek in die huis is en dat jong dogters nie moet rook of drink nie. Haar moeder is 'n pasifis, wat weier om aan die sosiale lewe deel te neem, en baie belangstel in Oosterse Filosofie en Jogiïsme. Haar een broer is 'n ingenieur wat die eksakte waarhede van die Matesis verheerlik. Hy is 'n materialis wat alle Kuns verag en glo dat net die Wetenskap die wêreld kan red. Haar oudste suster is 'n oujongnooi wat veg vir die regte van vroue, glo dat alle tale vervang moet word deur Esperanto en heimlik aan die Congress of Demo-

crats behoort. Haar tante is 'n student in die Sielkunde wat haar gesondheid ruïneer deur die wetenskaplike uitskakeling van slaap, en haar oom is 'n toegewyde Calvinis wat die Bybelse gronde vir „apartheid" van buite ken.

Wat gaan Susan se morele en godsdienstige opvattings te midde van hierdie Babelse verwarring wees?

4. Hier is dit waar die skool 'n groot werk moet verrig deur die versuim van die huis te vergoed. Ons het almal 'n vaste anker in die lewe nodig, kinders en adolessente nog meer as volwassenes. Tussen al hierdie veranderinge het een ding onveranderd gebly, naamlik die ewige waarhede ten opsigte van die wese van God en die wese van die mens. En slegs as die mens hierdie waarhede begryp en nastrewe, sal hy koersvas kan lewe en hoë morele standaarde kan handhaaf.

Ons skole bied ruim geleentheid aan die onderwyser om Godsdiensonderrig tot sy reg te laat kom. Trouens Godsdiensonderrig het 'n tradisionele **ereplek** in ons skole.

Die provinsiale onderwys in Transvaal berus ondubbelsinnig op 'n Christelike grondslag. Dit is ooreenkomstig die Suid-Afrika-Wet wat die hand van God in die lotgevalle van die mens en in die bestuur van die volk erken. Die onderwysordonnansie van 1953, eweas die vorige ordonnansie (trouens daar word nou selfs verder gegaan), maak Godsdiensonderrig verpligtend in alle openbare skole, hoewel vrystelling verleen word aan kinders van nie-Christen-ouers, en dogmatiese onderrig eie aan 'n besondere gesindte of sekte verbied word.

Deur wetgewing is dus verseker dat die Christelike karakter van ons skole behoue bly.

Aan al vier opleidingskolleges vir onderwysers word voorsiening gemaak vir opleiding in Bybelonderrig.

Die Departement besef dat die onderwyser en sy **gesindheid** die sleutel vir sukses in hierdie vak is.

Ons glo dat Godsdiens in die onderwys 'n gees is wat alles deursuur; dat dit 'n gesindheid is wat nie soseer deur **onderrig** nie as deur **houding** bepaal word.

Hierdie vak stel besondere eise nie slegs aan die onderwyser se professionele bekwaamheid nie, maar ook aan sy persoon en persoonlike lewe. Die godsdiensonderwyser moet 'n gelowige wees wat glo in die egtheid en onfeilbaarheid van die waarhede wat hy verkondig. Sy voordrag moet die leerlinge aangryp en besiel. En so sal dit vir homself ook besieling bring. Dit is soos iemand wat deur onbaatsugtige gawes

vir liefdadigheid, juis deur te gee, in staat word om self meer te ontvang. Dit is hier 'n geval waar die boom aan sy vrugte geken word.

Van owerheidsweë is alles wat onder omstandighede in 'n openbare staatskool moontlik is, gedoen om **Christelike godsdiensonderwys** te bevorder. Gepaste wetgewing is aangeneem, onderwysers kry die nodige opleiding, voorgestelde leergange is opgestel, die tyd wat aan Godsdiensonderrig bestee moet word, is voorgeskryf en al wat oorbly, is dat die onderwyser deur woord en daad uitvoering daaraan moet gee, met die oog op „die vorming van mense van God, tot alle goeie dinge volkome toegerus".

Met waardering is kennis geneem van die Vakansiekursusse in Godsdiensonderrig onlangs deur hierdie Universiteit onderneem, hoewel die reaksie by diensdoende onderwysers, na ons verneem het, nie baie bemoedigend was nie. Dieselfde geld ook wat betref die graadkursusse in Bybelstudie. Daar bestaan wel nog 'n ernstige gebrek aan goed onderlegde onderwysers wat, net soos in die geval van al die ander middelbare skoolvakke, as vakspesialiste ook vir die Godsdiensonderrig in die Middelbare skool verantwoordelik gestel kan word.

5. Wanneer ons ons egter tot die Hoër Onderwys wend, word 'n heel ander prentjie ontvou. Daar is die sekulariseringsproses tot sy uiterste konsekwensies deurgevoer. Vir die Bybel word daar selde plek op die Kurrikulum ingeruim. Die grootste aantal studente aan Westerse Universiteite gradueer vandag sonder dat hulle enige godsdiens in hulle kurrikulum ingesluit het.

Hoe die verandering plaasgevind het, kan ons nie hier behandel nie.

Aanvanklik was die doel wat met die stigting van 'n belangrike Westerse universiteit beoog was, wel soos volg gestel: „Die vernaamste oogmerke met hierdie kollege is om die studente te leer om God te ken en te eer en om Hom lief te hê en te dien . . ."

Dit was die woorde van die eerste president van die tans so beroemde Columbia-Universiteit. En dit was vroeër algemeen waar van die meeste universiteite. Vandag beslis nie meer nie. **En in hierdie opsig is u besonder bevoorreg.**

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, weet ons, het nie slegs sy Christelike karakter in wetgewing beveilig nie, maar dit vorm deel van sy opvoedkundige program. Dit het 'n besondere betekenis — meer as net in die indiwiduele lewens van studente. Die neiging word al sterker dat 'n universiteit 'n samevoeging van

departemente word wat slegs saamgebind word deur dieselfde Rektor, Raad en Senaat. Maar die Christelike karakter en leer van hierdie Universiteit is 'n **bindende faktor** wat gemeenskaplik vir alle departemente, dosente — en hopelik studente — is. Op hierdie terrein kan almal mekaar vind. Dit is 'n gemeenskaplike band, 'n stukrag en 'n suurdeeg wat alles deurtrek.

Die vinnige groei van die Universiteit bewys dat ouers vertroue het in 'n Christelike opvoeding vir hulle kinders en die wyse waarop oud-studente van hierdie inrigting in die samelewing hulle bydrae lewer tot die opbou van land en volk, is voldoende getuienis vir die noodsaaklikheid van 'n positief-christelike Hoër Onderwys.

In 'n artikel wat in die tydskrif vir Sosiale Navorsing verskyn het, word aangetoon hoe die getal voltydse blanke studente in Suid-Afrikaanse universiteite toegeneem het, en 'n skatting vir die toekoms gemaak. Die skrywers skat dat hierdie Universiteit in die jaar 1970 tussen 'n minimum van 1900 en 'n maksimum van 3000 voltydse studente sal hê.

Ten slotte vertrou ons dat die Christelike fondament waarop die kennis van dié van u wat by hierdie geleentheid afskeid van die Universiteit neem, berus, in die onveilige wêreld van ons tyd, nie slegs u eie geesteslewe sal verryk nie, maar vir u 'n vaste anker in die onstuimige woelinge van ons tyd sal wees, en dat u wat die onderwysberoep gekies het, die kinders wat aan u sorg toevertrou sal word, met groot welslae sal lei om hierdie onwankelbare anker in 'n onsekere wêreld net so vas te gryp.